

27 September

Skrifgedeelte: Romeine 13:8-14

Fokusgedeelte: Romeine 13:12

Weet jy hoe laat dit al is?

Ons ken almal mense wat nie 'n benul van tyd het nie. Omdat hulle nooit weet hoe laat dit is nie, is hulle altyd laat en moet 'n mens gewoonlik vir hulle wag. Ons as Christene moet egter altyd weet hoe laat dit is – nie noodwendig op die horlosie nie, maar op die uurglas van God se raadsplan. Volgens hierdie tydskaal is die nag byna verby en is dit amper dag. Dit beteken dat die wêreld soos ons dit nou ken, aan die verbygaan is en dat ons in die laaste bedeling lewe, die bedeling tussen Jesus se hemelvaart en sy wederkoms.

Hierdie spesiale tyd vereis 'n spesiale manier van lewe: Laat staan die werke van die duisternis, want die son is al besig om op te kom. 'n Kind van die lig mag niks met die donkerte te doen hê nie. Neem eerder die wapens van die lig op, sodat die glans van die opkomende Son jou nie onverhoeds betrap nie!

Sing: Skrifberyming 41:4, 7

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)